

tippet 100

Ek raak bekommerd as ons spontane reaksie op 'n skoolramp een is van "wie se skuld is dit?"

Wat by Hoërskool Driehoek gebeur het, is eenvoudig tragies. Dit is eintlik te erg om oor te praat. Ek probeer my indink in die emosies van ouers, skoolmaats, 'n skoolhoof, die beheerliggaam, predikante wat betrokke is en 'n breër gemeenskap wat rou.

Ons praat te vinnig. Ons praat te veel.

In die kerkomgewing het ons die teks van Paulus "as een lid ly, ly al die lede saam."

Ek vermoed ons weet nie lekker hoe om "saam te ly" nie.

Dis jammer...

Francois Retief

4 Februarie 2019